**Prinses sien pyn**

**Koninklike besoek . . . Prinses Caroline van Monaco gister by 'n jong pasiënt van die Witwatersrand-hospiesvereniging. Die prinses het siek en hulpbehoewende kinders in Gauteng besoek. Berig op bl. 7.**
**Foto: ALAN MURDOCH**

# Haar koninklike hoogheid dra kos vir SA kinders aan

Retha Grobbelaar

Die naaste wat die meeste kinders aan 'n prinses kom, is in boeke en tydskrifte.

Vir kinders van die Witwatersrand-hospiesvereniging in Houghton en die Mapetla-dagsorgsentrum in Soweto het dié sprokie egter gister waar geword.

Hulle kon nie net aan 'n régte prinses vat nie, maar prinses Caroline (50) van Monaco het selfs vir hulle hul middagete aangedra.

Sy het dié sentrums besoek as deel van 'n twee weke lange toer na Afrika as president van die Wêreldvereniging van die Vriende van Kinders (Amade).

Caroline, geklee in 'n eenvoudige roomwit-langbroek en bruin driekwart-baadjie, het ses kinders wat aan ongeneesbare siektes soos MIV/vigs ly, by die tydelike pediatriese eenheid van die hospies ontmoet.

"Wat is jou gunsteling kos?" het sy aan een gevra. "Pizza? Dis myne ook," het sy gesê.

By die Mapetla-dagsorgsentrum het die sowat 50 kinders haar met liedjies verwelkom. Daarna het hulle skaamskaam vir haar die alfabet in Engels opgesê.

"Julle is almal baie slim," het sy gesê. Sy het later gehelp om middagete vir die kinders te bedien.

Die prinses het reeds Niger, Burundi en die Demokratiese Republiek van die Kongo besoek.

Sy keer vandag terug na Monaco.